

LEWENDE ANNUÏTEIT

Help vriendin en seun só

Vraag: Ek is besig met prokureurs (adviseurs) om my testamen op te stel. Ek is 65 jaar oud en is 'n wewenaar, en het 'n vriendin, 'n weduwee, van 70 jaar oud.

Ek het een seun uit my gewese huwelik wat 42 jaar oud is. My onderneming en finansiële posisie is baie gesond. Ek het vir my vriendin vruggebruik gegee op een van my elendomme, en wil ook vir haar 'n inkomste uit 'n lewende annuïteit gee wat by Allan Gray belê is.

Ek trek geen inkomste uit my beleggings nie. My wens is dat my vriendin nie 'n enkelbedrag kry nie (daar is goeie redes daarvoor) maar wel 6% uit die lewende annuïteit, wat haar 'n inkomste van ongeveer R9 500 per maand sal gee. Sy kry ook 'n pensioen uit haar gewese huwelik.

Aangesien my vriendin net 6% mag trek en dalk nog 'n verwagte lewensduur van 12 jaar kan hê, voel ek daar kan nog 'n stewige bedrag oorbly wat dan na my seun as begunstigde moet oorgaan. Die vraag waarmee almal (die adviseurs) worstel, is of dit uitvoerbaar is dat hy as begunstigde benoem word wanneer sy te sterwe kom.

As dit nie uitvoerbaar is nie, waar gaan die oorblywende geld dan heen?

Ek is bewus van die trustees wat daarvoor moet besluit, maar wil ook net sê my seun het 'n graad en 'n goeie betrekking, en erf ook die restant van my boedel.

Ek hoop en vertrou dat iemand kan help.

Kry hier antwoorde op jou vrae

Sake24 se Geldkliniek is 'n projek waardeur ons lesers se geldsake-vrae beantwoord.

Lesers is welkom om hul vrae aan ons te stuur, waarna ons dit aan kenners in die bedryf stuur wat dit sal beantwoord.

Vrae en antwoorde word Saterdag in *Sake24* gepubliseer.

Nico van Gijsen CFP®, senior boedel- en belastingbeplanner verbonde aan die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (Fisa), antwoord:

Die term "lewende annuïteit" is in 2008 in die Inkomste-belastingwet (wet 58 van 1962) opgeneem. Kortliks verwys dit na die reg van 'n lid om met geld afkomstig uit 'n pensioenfondsprodukt 'n annuïteit (ofte wel 'n pensioen) aan te koop.

Die leser en sy raadgevers moenie 'n lewende annuïteit verwar met 'n uitree-annuïteit nie. In laasgenoemde geval het die trustees die finale sê oor die nadoodse verdeling van die fondswaarde. Met 'n lewende annuïteit is dit nie die geval nie en die persoon kan 'n begunstigde of genomineerde aanwys aan wie die fondswaarde by dood betaal sal word.

Die begunstigde of genomineerde het dan die reg om óf 'n eie pensioen daarmee aan te koop óf om die volle bedrag in kontant te neem.

Vrae moet oor 'n geldsake-onderwerp handel.

Stuur vrae na geldkliniek@sake24.com.

Die antwoorde wat in Geldkliniek verskaf word, is die menings van kenners en nie noodwendig dié van *Sake24* nie.

Kontak 'n adviseur vir persoonlike advies.

In die geval van 'n maandelikse pensioen word dit as inkomste belas. In die geval waar die volle bedrag in kontant geneem word, word dit belas kragtens die 2de Skedule van die Inkomstebelastingwet: kortliks, asof die oorledene die dag vóór sy dood uit 'n aftreefonds uitgetree het. Dit kan aansienlike belastinggevolge hê en is normaalweg nie aan te beveel nie.

Hierdie reg van 'n begunstigde of genomineerde kan nie beperk word met 'n testamentêre bepaling nie. Die leser sal nie sy vriendin kan beperk tot 'n onttrekking van 6% per jaar nie – sy sal alles in kontant kan onttrek (en die belasting betaal).

Ek meen die leser, afhanging

de van hoe belangrik dit is dat sy vriendin nie toegang tot die volle bedrag kry nie, het twee opsies. Eerstens kan hy sy boedel as genomineerde aanwys in welke geval die bedrag (ná belasting) aan sy boedel uitbetaal sal word en hy sal dan kan spesifiseer dat die geld belê moet word om aan sy vriendin 'n sekere inkomste per maand te betaal. 'n Testamentêre trust kan ook hier met vrug gebruik word.

Dit wat ná haar afsterwe oorbly, kan aan die seun uitgekeer word.

'n Tweede opsie sou wees om nou reeds 'n tradisionele pensioen aan te koop met die geld wat dan sal verseker dat die vriendin lewenslank 'n inkomste kry. Die risiko dat die geld verkwis sal word, word dus uit die weg geruim. Om te verseker dat die geld nie by haar dood "wegraak" nie, kan die leser oorweeg om 'n pensioen aan te koop wat die kapitaal by haar dood terugwaarborg en dit sal dan aan die seun uitbetaal.

Ons stel voor dat die leser 'n kundige finansiële beplanner raadpleeg, omdat hier fynere regs- en finansiële kwessies is wat korrek gehanteer moet word ten einde sy en sy naasbestaandes se belange te beskerm en die risiko's – waaronder belastingrisiko's – te beperk.